

Vrydag 9 Augustus

Skrifgedeelte: Jakobus 2:14-26 (1983-vertaling)	Fokusgedeelte: Jakobus 2:17
--	------------------------------------

Om te glo, is om te doen

Om te glo, verander jou hele lewe. Dit laat jou anders kyk en anders beleef – selfs al kry jy baie swaar – want jy sien die heerlike verlossingspad wat die Here met jou loop.

Maar geloof wat nie uitloop in geloofsdade nie, beteken niks. Jakobus waarsku ons: “... as dit nie tot daad oorgaan nie, is dit sonder meer dood” (Jak. 2:17).

Geloof bind jou vas aan die Koning van die kerk. Hy het ‘n onberekenbare duur prys betaal vir my en jou. Hy maak ons vry en nuut. Deur geloof bind Hy ons vas aan Hom.

Maar hierdie een-wees met Hom is nie net ‘n heerlike waarheid wat ons selfsugtig vir ons eie voordeel kan inpalm nie. Nee, die Here wil hê dat dit verreikende gevolge in sy koninkryk sal hê.

Ek en jy is Jesus Christus se hande en voete hier op aarde. In alles moet ons ons een-wees met Hom uitleef: met ‘n ware geloof wat duidelik is nie net in wat ons dink en sê nie, maar ook in wat ons *doen*.

Jakobus noem ‘n praktiese voorbeeld: Help hulle wat fisiese gebrek ly (Jak. 2:15-16). Dit gaan oor prakties *doen*. Ons Here is van die begin af besig om prakties te *doen*. Hy het alles in liefde gemaak. Hy versorg dit. Hy is besig om sy hele skepping voor te berei vir die finale voleinding van sy verlossingsplan. En hierin gebruik Hy my en jou. Om saam met Hom besig te wees. Om te *doen*.

Moenie wag tot die dag wat jy genoeg bymekaar gemaak het om groot en asemrowende dinge in die Here se koninkryk te kan doen nie. Begin vandag – net daar waar jy is. Begin met klein dingetjies. Doen wat jou hand vind om te doen. Leef jou geloof voluit in liefde.

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 2, 5

Dr. EJ Smit (Rassie) (Wapadrant)